# Waterkruik

JAARGANG 56 NO 21 26 Mei AD 2019

***EREDIENS VANDAG***

Vanoggend word die Heilige Nagmaal, gevier. Nabetragting sal direk na die diens plaasvind. **Daar sal dus vanaand geen erediens wees nie.**

***KOLLEKTE BY DIE DEURE***

***Vandag:*** **Dankbaarheidsfonds**

Doel: Om dankbaarheid teenoor die Here te betoon dat Hy die Gereformeerde Kerke vir 150 jaar bewaar het. Die opbrengs word as 'n addisionele inspuiting bestem om die Emeritaatversorgingstrust te versterk, kerke wat nie voldoende finansiële middele het nie, te help en historiese geboue van die GKSA in stand te hou.

***Volgende Sondag:***

**Teologiese Studentekas**

Doel: Om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer, finansieel met beurse te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.

***SPESIALE KOLLEKTE***

Die kollekte tydens die erediens word bestem vir fondse vir die Mootlite kamp vir graad 6 – 9 leerlinge van die Gereformeerde kerk wat deur Meyersparkgemeente gereël word.

***DIENSBEURTE***

***Vandag:*** Wyke 25 & 26

Ouderlinge: Pieter du Plooy

Grandi Theunissen

Diaken: Dian van der Walt

***Volgende Sondag:*** Wyk 1

*Ouderlinge:* Corrie Skinner

*Diaken:* Deon van der Merwe

***TEESKINKBEURTE***

Die hele gemeente word hartlik uitgenooi om na die erediens gesellig saam te kuier met ete en drinke. Die susters in die saal, die broeders en die kinders buite.

*Volgende Sondag* is dit die beurt van wyk 4 & 5 o.l.v. Irma Koekemoer en Susan Chambers.

***Program vir die week***

***Maandag***

Katkisasie vir hoërskoolleerders soos gereël.

***Donderdag***

**Bybelstudiegroepe**

**08:30** Groep 1: In die Konsistorie
**09:30** Groep by Nasarethhuis
**10:15** Groep 2: In die Konsistorie
**18:30** Groep 3 by die Pastorie
**19:30** Kerkjeugaksie vir jongmense tot ongeveer 30 jaar: in die Pastorie.

*Groepe 1, 2 en 3 doen voorbereiding vir die komende Sondag se preek.*

## ***VERJAARSDAE***

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Mag barmhartigheid, vrede en liefde in oorvloed aan julle geskenk word." Judas: 2*

*Maandag 27 Mei*
Markus Myburgh (15) 082 373 3981

*Dinsdag 28 Mei*
Br. Gerhardt Koekemoer 082 901 5166
Sr. Marie Scholtemeijer 078 883 7713

*Woensdag 29 Mei*
Br. Steve Chambers (snr) 0726014956

*Vrydag 31 Mei*
Br. Alwyn Rossouw 083 259 2547
Br. Braam Smith 082 806 3852

*Sr. Marie Scholtemeijer vier Dinsdag haar 81ste verjaardag. Hartlik geluk. Ons bid u die Here se rykste seën toe in die nuwe lewensjaar. Mag u 'n mooi dag saam met u geliefdes hê.*

## ***MEELEWING***

Harlik geluk aan *Br. en Sr. Jandré en Esbé Moolman* met hulle huweliksbevestiging gister. Mag die Here julle huwelik ryklik seën en mag julle 'n lang en gelukkige huwelik te gemoed gaan. 082 492 9016 Ook geluk aan *Br. en Sr. Rian en Karen Moolman* met die julle kinders se huwelik. Mag hulle huwelik vir julle ook tot seën wees. 083 658 0540

*Sr. Emmie van der Schyff* ontvang weer chemoterapie vir 'n nuwe kankergewas. Ons bid dat die Here die behandeling sal seën 083 443 6200

Ons is saam met *br. & sr. Jac en Thea van der Walt* dankbaar dat hulle seun se operasie goed verloop het en dat daar geen kwaadaardigheid was nie. Ons bid dat hy spoedig mag herstel. 083 609 1095

*Dr. Willie Enslin* se suster is ernstig siek na 'n beroerte. Ons bid hom en Nelie krag en sterkte toe.
082 966 9447

*Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was. Efesiërs 5:1*

## ***ATTESTATE***

Hartlik welkom aan *br. Henk Hoogenboezem 082 330 0749* wat met attes gekom het van Brooklyn gemeente asook *sr. Marietjie van Rooyen* 071 355 9409 en *sr. Nicola Erasmus* 076 504 1317 wat in ons gemeente opgeneem is. Dit is lekker om te sien dat julle alreeds lekker ingeskakel het in ons gemeente.

*Br. en sr. James en Elaine Slabbert en hulle kinders, James en Elle,* het gemeenskap met die Gereformeerde Kerk opgesê.

***ROEPING AS DIAKEN***

Die volgende broeders en suster is op die Breë Kerkraadsvergadering van 15 Mei geroep om as diakens te dien.

Brs. Francois de Kock, Janru Reynders en suster Susan Tredoux.

*Ons vra u voorbidding vir hulle met die oorweging van die roeping.*

***BEROEPENUUS***

**BEROEPE ONTVANG**

Dr. C Botha (Chris) van GK Nylstroom na GK Die Kandelaar

***DIE KUIERKAFEE***

*Op **Dinsdagoggend, 28 Mei**, om 10:00 is dit weer tyd vir 'n baie interessante Kuierkafee-oggend in ons kerksaal. Kyk wat is op die "spyskaart".*

*Christine le Roux, gegradueerde in Biochemie, gaan kom praat oor: **"Essensiële olies in plante en blomme – elk het 'n uitwerking op die menslike liggaam".** Sy verduidelike o.a. hoe die seep wat hierdie olies bevat, tot voordeel van ons gesondheid en welsyn kan wees.*

*Mieka Erasmus gaan ook fotos vertoon van die pragtige huis van **Andries Pretorius (die held van Bloedrivier)** waar hy gewoon het voordat hy aan die Groot Trek deelgeneem het. Sy gaan ook fotos wys van die eenvoudige pionierswoning waar **Paul Kruger** vanaf sy geboorte met sy ouers gewoon het totdat hy op 11 jarige leeftyd ook saam met sy ouers aan die Groot Trek deelgeneem het.*

*Daarna word, soos die gewoonte is, lekker gekuier met tee/koffie en heerlike eetgoedjies.*

*Ieder en elk is welkom om dié verrykende oggend by te woon. Vir navrae, skakel Rika le Roux, 082 675 0979 of An Venter, 079 679 0002.*

## ***BELEWENIS VAN DIE GRIEKSE AAND***

*Het jy al ooit lus gehad om 'n koppie/ bord/piering uit pure frustrasie sommer net teen iets te smyt dat die skerwe spat? Wel, dan het jy die ideale geleentheid op Saterdagaand 18 Mei misgeloop as jy nie daar was toe Yoti, die Griekse Boertjie, ons kom vermaak het nie!!*

*Ons is eers verwelkom deur Grandi Onassis en Steve Panayoti, twee Griekse here in egte Griekse drag met 'n tipiese Griekse drankie. Daarna het ons gaan aansit by keurig gedekte tafels gelaai met peuselhappies. Toe het die pret begin met die sanger wat met sy aansteeklike vrolikheid, kostuums, beligting, dekor en heerlike sang die hele gehoor sommer dadelik in 'n ontspanne luim geplaas het.*

*Tussendeur is ons getrakteer met sop, hoofgereg en nagereg so reg uit die Griekse cuisine. Nie eers ons vol magies kon verhoed dat oud en jonk in kringe saam met die musiek op egte Griekse wyse rondgespring het nie. Tot aan die kinders het Yoti aandag gegee en hulle gefassineer gehou.*

*Reg aan die einde kon almal toe, hierdie keer nie uit frustrasie nie maar uit pure baldadigheid, die geleentheid kry om 'n bord te gooi dat die skerwe spat!!*

*Baie dankie aan Grandi Theunissen, Steve Chambers, die sustersbestuur en al die susters van wyke 6, 7, 8, 18 en 20 wat gesorg het vir so 'n genoeglike aand!!! Hoppa!! Hoppa!!!*

## ***BESOEK AAN KINDERHUIS***

Die Sustersbestuur gaan DV. op Woensdag 5 Junie na die Paul Kruger Kinderhuis (Pretoria). Hulle beoog om die versorgers op koek en tee te trakteer. Indien u 'n klein pakkie vir die kinders wil saamstuur, kan u dit volgende Sondag, 2 Junie na die kerk bring. Merk dit asb. soos volg:
**KINDERHUIS - 5 JUNIE.**

Baie dankie.
Sustersbestuur.

## ***ALLERLEI***

### ***Die Kandelaarkoor bied aan: Getsémané na Golgota***

**Saterdag, 8 Junie 2019 om 19:30**
**Gereformeerde Kerk Die Kandelaar**
(h/v Codonia- en Dickensonlaan, Waverley)

**Die Kandelaarkoor met orkes en soliste voer onder leiding van Braam van Tonder werke van Rutger Gerretson en Antonio Vivaldi uit.**

Toegang: R100/volwassene; R50/kind onder 12.
Besprekings: Linda Meijer (082 736 5089); Braam van Tonder (083 561 5992).
Kaartjies sal ook by die deure beskikbaar wees.

### ***AFRI-DUETFEES***

*Ds Cassie Aucamp skryf :*
Hierdie jaar gaan 'n besondere Afri-Duetfees wees. Ons het daarin geslaag om al vier die manne van ROMANZ saam te kry, elkeen met 'n hand-uitgesoekte duetmaat:

- Louis Loock saam met Corlea Botha;
- Burgerd Botha saam met Loriska Bubb;
- André Venter met Almarie du Preez, en
- Adam Barnard met Natasha Joubert.

Dit word aangebied op Vrydag 18 Oktober om 19:00 en Saterdag 19 Oktober om 14:00, in die Chose Life Ouditorium, voorheen die gebou van die NG Kerk Moreletapark, in Rubensteinstraat.

**Ek het twee versoeke:**
Dat u, as u hierdie uitsoekgeleentheid wil bywoon, 'n e-pos stuur na duetfees@gmail.com; of skakel, SMS of WhatsApp Ds. Cassie by 082-377 1112.
Dat u hierdie e-pos met die skakel sal aanstuur na lidmate of vriende op u e-poslys.

## ***FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING***

**PREDIKANT**
Dr. Douw Breed
Duikerlaan 52
MONUMENTPARK
012 460 0700

**SKRIBA**
Eddie Trollip
083 230 4245

**ATTESSKRIBA**
Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

**OUDL SKRIBA**
Corrie Skinner
082 494 0309

**VOORSITTER DIAK.**
Loutjie Coetzee
083 457 8489

**ORRELIS**
Ansie Wichmann
072 605 8675

**e-pos kerk**:nwgkw@telkomsa.net

**webwerf**:
www.gkwaterkloofrand.org.za
Daar is skakels wat u neem na oudio- en videouitsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

**SONDAGKOSTER:**
Hein Wichmann 072 605 8675

**WEEKKOSTER:**
Nienke vd Walt: 083 398 9080

**KANTOOR:** Nienke vd Walt
012 460 6925 en 012 998 0912

**KANTOORURE:**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd die kantoor skakel en jou oproep sal beantwoord word omdat die telefoon herlei is na die selfoon.

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk:**
ABSA : Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

**Diakens:**
ABSA: Diakonie Spaar
Rek. No. 9139785681

**PARKERING**
Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat.(die terrein word gesluit gehou tydens die diens)

**PREEKVERDUIDELIKINGS**
Tydens oggenddienste word die preek van die oggend vir die kindertjies vanaf 4 jaar tot die in graad 4 deur 'n suster of susters in die saal verduidelik. Dit vind net plaas as dr Douw preek en ook nie gedurende vakansies en langnaweke nie. Dit word slegs tydens die preek en onder toesig van die beurtsouderling gedoen.

**FOTO'S** van die gemeente se lidmate kan besigtig word op die kennisgewingbord op die stoep van die kerkgebou.